LIMPOPO
PROVINCIAL GOVERNMENT
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

DEPARTMENT OF
EDUCATION

**NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT**

# GRAAD 12

## AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL

## VRAESTEL 2

## SEPTEMBER 2014

**PUNTE: 80**

**TYD: 2 UUR**

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A | Opstel | 40 punte |
| AFDELING B | Lang transaksionele teks | 20 punte |
| AFDELING C | Kort transaksionele teks | 20 punte |

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in Afrikaans.

4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.

5. **BEPLANNING, REDIGERING EN PROEFLEES:**

- Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees.
- Gebruik jou beplanning, byvoorbeeld ’n kopkaart, vloeidiagram of sleutelwoorde, ens.
- Doen elke keer beplanning VOORDAT jy die finale produk skryf.
- Dui die beplanning duidelik aan.
- TREK ’N STREEP DEUR DIE BEPLANNING NADAT JY DIE FINALE PRODUK GESKRYF HET.

6. Beplan jou tyd só:

| | |
|---|---|
| AFDELING A | 60 minute |
| AFDELING B | 30 minute |
| AFDELING C | 30 minute |

7. Nommer elke skryfstuk soos dit in die vraestel genommer is.

8. Skryf die vraagnommer en die onderwerp neer.

9. Skryf jou eie titel neer as jy oor ’n prent in 1.5 skryf.

10. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou 

**AFDELING A: OPSTEL**

Skryf 'n opstel van ongeveer 200 – 250 woorde oor EEN van die onderwerpe.
Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

**Vraag 1: DIE SPORTHELD WAT EK DIE MEESTE BEWONDER.**

Jy het 'n sportheld. Hy/sy is 'n groot inspirasie vir jou en jy wil graag in die lewe bereik wat hy/sy al bereik het. Sy/haar harde werk is vir jou 'n voorbeeld wat jy graag wil volg.




[Uit: *Clipart: Bryan Habana*]

Skryf 'n opstel waarin jy vertel waarom jy die sportheld so bewonder.

Dink aan die volgende:

- Wie is die persoon?
- Watter prestasies het hy/sy al behaal?
- Wanneer het hy sy die prestasie behaal?
- Waarom bewonder jy hom/haar so? **[40]**

**OF**

**Vraag 2: MY WONDERLIKE OUPA EN OUMA**

Jy het 'n wonderlike oupa en ouma en jy is baie lief vir hulle. Hulle het 'n baie moeilike, maar gelukkige lewe gehad.



[Uit: *Clipart Images*]

Skryf 'n opstel waarin jy vertel van jou oupa en ouma se lewe, net soos hulle dit vir jou vertel het.


Dink aan die volgende:

- Hoekom het jou oupa en ouma 'n moeilike lewe gehad?
- Waarom was hulle tog gelukkig?
- Wat het hulle al alles vir jou gedoen?
- Hoekom is jy so lief vir hulle? **[40]**

**OF**

**Vraag 3: EKSAMENUITSLAE**

Jy het jou eksamenuitslae gekry en jy het baie sleg gevaar. Jy weet alles is net jou eie skuld.



[Uit: *Clipart Images: Sleeping in class*]


Skryf ’n opstel waarin jy vertel waarom jy so swak gevaar het en watter les jy daaruit geleer het.

Dink aan die volgende:

- Waarom was jou uitslae so swak?
- Hoe het jy daaroor gevoel?
- Wat gaan jy nou daaroor doen?
- Hoe het dit jou toekomsplanne verander? **[40]**

**Vraag 4: DIE LEKKER VAN SKOOLGAAN!**

Baie leerders dink deesdae dat dit sleg is om skool te gaan en wil liewer gaan werk. Jy dink dat skoolgaan goed is en jy en jou maats geniet dit. Julle weet dat dit belangrik is om skool te gaan.



[Uit: *Clipart Images:School kids*]

Skryf ’n opstel waarin jy beskryf waarom jy en jou maats dit geniet om skool te gaan.


Dink aan die volgende:

- Wat maak julle alles by die skool?
- Waarom is dit nog lekker om skool te gaan?
- Hoekom is dit belangrik om skool te gaan?
- Hoe kan dit jou help om skool te gaan? **[40]**

**OF**

Kies **EEN** van die volgende prente en skryf ’n opstel daaroor. Gee jou opstel ’n titel.

## Vraag 5



[Uit: *Afrikaans vir die Sekondêre Skool St. 10*]

**[40]**

**OF**

## Vraag 6




[Uit: *Clipart Images:Vector - Cartoon Cigarette Smoker*]

**[40]**

**OF**

**Vraag 7**



[Uit:*https://www.google.co.za*]

**[40]**

**OF**

**Vraag 8**



[Uit:*http://www.hotcanadadeals*]

**[40]**

**TOTAAL AFDELING A: 40**

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING B

## LANG TRANSAKSIONELE TEKSTE

Skryf 80 -100 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
Skryf die vraagnommer en die soort teks wat jy kies, bo-aan.

### Vraag 9: VRIENDSKAPLIKE BRIEF

Jy en jou goeie vriend/vriendin het vandag baklei. Jy besef dat dit jou skuld was.

Skryf 'n vriendskaplike brief waarin jy om verskoning vra.

Dink aan die volgende:

- Waaroor het julle baklei?
- Wat het jy gedoen of gesê?
- Hoe voel jy nou daaroor?
- Wat hoop jy vir die toekoms? **[20]**

### Vraag 10: FORMELE BRIEF

Jy is in matriek en jy wil volgende jaar na een van die universiteite of tegnikons gaan.

Skryf 'n brief aan die tegnikon of universiteit waarin jy aansoek doen om volgende jaar daar te kan studeer.

Dink aan die volgende:

- Waar wil jy gaan studeer?
- Waarom wil jy daar gaan studeer?
- Watter vakke doen jy nou op skool?
- Hoe lyk jou uitslae?
- Wat wil jy studeer? **[20]**

**OF**

**Vraag 11: VERSLAG**

Daar was ’n besondere suksesvolle kultuuraand by jou skool.

Skryf ’n verslag vir die skoolkoerant oor die kultuuraand.

Dink aan die volgende:

- Wanneer het die kultuuraand plaasgevind?
- Watter aktiwiteite was daar?
- Wat het alles gebeur?
- Wat kon die mense eet en drink?
- Hoe het die mense oor die aand gevoel? **[20]**

**Vraag 12 DIALOOG**

Die polisie het dwelms onder die leerders in jou skool kom soek. Hulle het dwelms in een van die leerders se skooltas gekry.

Skryf nou ’n dialoog tussen jou en jou vriend/vriendin waarin julle oor hierdie drama praat.

Begin só:

Jy: Sjoe, maar dit was groot drama vandag by die skool nê?

Jou maat: Ja, almal was baie bang!

Jy: …

Dink aan die volgende:

- Wat het die polisie daar gedoen?
- Hoe het die polisie daarvoor gesoek?
- Wat het hulle gekry?
- Waar het hulle dit gekry?
- Wat gaan nou gebeur?
- Hoe voel die kinders daaroor?

LET WEL: Laat ’n reël na elke spreekbeurt oop. **[20]**

**TOTAAL AFDELING B: 20**

## AFDELING C

## KORT TRANSAKSIONELE TEKS

Skryf 50-80 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies bo-aan.

### Vraag 13: PLAKKAAT

Daar gaan ’n groot sportdag gedurende die naweek by jou skool plaasvind.






[Uit: *Clip Art Images*]

Ontwerp ’n plakkaat waarin jy die mense oor die sportdag inlig en hulle uitnooi om kos by die stalletjies te koop.

Dink aan die volgende:

- Waar, wanneer en hoe laat gaan die sportdag wees?
- Watter sportsoorte gaan daar wees?
- Watter skole gaan teen mekaar kompeteer?

- Wat gaan alles te koop wees en wat gaan dit kos?
- Wie kan almal na die sportdag kom?
- Wat is die kontakbesonderhede vir enige navrae?

| Onthou: Punte word vir die inhoud gegee en nie vir die versiering nie. |
|---|

**[20]**

**OF**

**Vraag 14: POSKAART**

Jy het onlangs by ŉ geleentheid die oulikste seun/meisie ontmoet. Jou vriend/vriendin woon in ŉ ander provinsie en jy móét net vir hom/haar van die persoon vertel.

Skryf ŉ poskaart aan jou vriend/vriendin en vertel hom/haar van die oulike seun/meisie wat jy ontmoet het.

Dink aan die volgende:

- Waar het jy hom/haar ontmoet?
- Wat is sy/haar naam en hoe lyk die persoon?
- Waarvan hou jy in sy/haar karakter?
- Hoe voel jy oor hom/haar?
- Wat beplan jy vir die toekoms?

Trek die poskaart hieronder in die ANTWOORDEBOEK oor en skryf jou boodskap daarop.

| | | |
|---|---|---|
| | | SEËL |
| | | |
| | ADRES: | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |

**[20]**

**OF**

**Vraag 15: INSTRUKSIES**

Goeie maniere is baie belangrik wanneer mense saam in groepe woon.

Skryf instruksies aan ŉ kind neer hoe hy/sy in jou kultuur/familie met goeie maniere moet optree.

Dink aan die volgende:

- Hoe ŉ mens in jou kultuur/familie mekaar moet groet: dink aan wie eerste praat, wat gesê word en wat die persoon se houding moet wees.
- Goeie maniere wanneer julle in julle kultuur/familie eet.
- Goeie maniere wanneer jy met iemand anders praat.
- Goeie maniere wanneer julle in en uit die huis gaan.
- Goeie maniere tussen ŉ man en ŉ vrou.
- Goeie maniere van ŉ kind teenoor ŉ ouer persoon.
- Wat jy nie teenoor ŉ ander persoon mag doen nie. [**20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**
**GROOTTOTAAL: 80**